# Hillcrest High School

Graad 9

## AFRIKAANS EAT V2

JUNIE 2024

**PUNTE:** 90

**TYD: 2** uur

**EKSAMINATOR:** Mev. I. Nieuwoudt

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Kortverhale | (30) |
| Afdeling B: | Gedigte | (30) |
| Afdeling C: | Stelwerk | (30) |

2. Lees die instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Skryf jou onderwyseres se naam op die voorblad.
6. Me. Jordaan, Middleton, Nieuwoudt, Schoeman en Wessels
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.
8. Spelling en sinskonstruksie is belangrik.
9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1 – Kort verhale

### 1.1. Die rugby jock deur Jaco Jacobs

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae

> Ek, aan die ander kant, is waarskynlik aangeneem. Want ek het nie 'n sportiewe been in my liggaam nie. Ek het die *ball sense* van 'n baksteen. My idee van oefening is om biblioteek toe en terug te stap. Of gee my 'n goeie fliek – en daarmee bedoel ek nie een of ander breinlose tienerkomedie nie.
>
> "Hoe lyk dit, Sussa, gaan jy vir ons iets ingooi om te drink?" vra my broer nou die middag toe hy en sy troppie manlike chauvinistiese otte van die rugby af kom. Hulle is die ene *grass* <u>burns</u> en ruik soos iets waarmee jy 'n biologiese oorlog teen 'n kleinerige Afrikaland kan voer.
>
> "Vra vir daai *cute* sussie van jou of daar nie iets is om te eet ook nie," snork een van die ander otte. "Ek gaan *uitpass* van die honger."

1.1.1. Waarom, sê die spreker, dink sy, sy is aangeneem? (1)

1.1.2. Wat is 'n chauvinis? Verduidelik. (1)

1.1.3. (a) Waarmee vergelyk die spreker haar broer se vriende in reël 6? (1)

(b) Waarom, dink jy, vergelyk sy haar broer en sy vriende met hierdie diere? (1)

1.1.4. Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik hoekom deur 'n sin uit die uittreksel aan te haal. (1)

"Die spreker hou daarvan om "cute" genoem te word.

1.1.5. Gebruik die woorde in die blokkie hieronder om die volgende paragraaf te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en jou antwoord neer. (2)

| werk, mooi, kombuis, tuin, harde, rugby, sport, rock, oulik |
|---|

Die spreker en sy maats glo dat 'n vrou se plek in die __(a)__ is.
Sy luister na __(b)__ musiek.

1.1.6. Wat beteken dit as iets "jou bloed laat kook"? (1)

1.1.7. Wat het die spreker gedoen terwyl haar broer se vriende daar gekuier het? (1)

1.1.8. (a) Wat is die nuwe rugby jock in die broer se span se naam? (1)

(b) Noem twee fisiese eienskappe van hom (hoe hy lyk). (1)

| | |
|---|---|
| 11 | Oukei, so toe voel ek soos 'n pôpô. |
| 12 | Dis dalk waarom ek aangebied het om toast te maak terwyl hy die spek en eiers gaarmaak. |
| 14 | En dalk is dit hoekom ek begin saamgesels het toe hy my vra van watse flieks ek hou. Die era van wonderwerke is nog nie verby nie. 'n Rugby jock wat weet wie Tim Burton en Woody Allen is? Ek weet, ek weet – ek kon dit self nie glo nie. |
| 18 | So, as jy regtig wil weet: Dís hoekom ek vandag hier is. Op die pawiljoen. Ja, ek kan nog steeds nie 'n senter skakel en 'n los-voorstut uitmekaar ken nie. En nee, moenie dink ek dra deesdae vir my broer en sy rugby-pelle koeldrank aan soos 'n getroue slaaf nie. Maar een van sy rugby-pelle kom kuier deesdae meer vir mý as vir hom... |

1.1.9. Waarom het die Spreker, in reël 11, soos 'n pôpô gevoel? (1)

1.1.10. Waar is die Spreker in reël 18? (1)

1.1.11. Verduidelik in jou eie woorde wat reël 21 beteken: (1)

"Maar een van sy rugby-pelle kom kuier deesdae meer vir mý as vir hom..."

1.1.12. Wat is die les van hierdie verhaal? (1)

**[15]**



**1.2. Sorry, Ma deur Jaco Jacobs**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die onderskeie vrae

> Ek weet ek het gesê Ma-hulle kan my vertrou en my alleen by die huis los. Ek was regtig nie van plan om 'n partytjie te hou nie. Eintlik het ek net vir Regard genooi. Of hoe, Regard? Dis mos die waarheid, nè? Sien, Ma? Ons was van plan om die hele aand PlayStation te speel.
>
> Maar toe hoor Theuns daarvan – Ma weet mos, Theuns, tannie Ina se seun, wat saam met my in die klas is? Hy't gehoor van ons PlayStation-aand en toe vra hy of hy ook maar kan kom inloer, want hy het hierdie great nuwe *game* gekry wat ons kan jol.

1.2.1. Wie is die Spreker se vriend? Gee sy naam. (1)

1.2.2. Wat was die Spreker en sy vriend se eintlike planne vir die aand gewees? (1)

1.2.3. Wie is Theuns? (1)

1.2.4. Noem twee dinge wat Theuns saamgebring het. (1)

1.2.5. In jou eie woorde, verduidelik die drie dinge wat verder in die aand gebeur het en verkeerd geloop het? (3)

1.2.6. Waarom, sê die Spreker, is Theuns lomp? (1)

> Ma sien, die ding is ek wéét mos hoe mal Ma oor daai Persiese mat is, daai een wat Pa vir Ma gekoop het nadat julle 'n week lank vir mekaar kwaad was. Ek onthou Pa het eenkeer gesê die ding kos meer as 'n klein Karoo-plasie. Daarom het ek groot geskrik toe die helfte van die punch op Ma se mat uitval. Nie een van ons het geweet wat om te doen nie. Toe gaan haal ek maar die stofsuier.

1.2.7. (a) Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer. (1)

Ma se Persiese mat was (duur / goedkoop)

(b) Haal AGT OPEENVOLGENDE WOORDE aan om jou antwoord bewys. (1)

1.2.8. (a) Wie se troeteldiertjies is "Ocean en Basket" ? (1)

(b) Watter tipe dier is "Ocean en Basket" ? (1)

1.2.9. Watter emosie, dink jy, sou die ouers gevoel het, later die aand by hulle huis? (1)

1.2.10. As jy die Spreker se ouers was, sou jy weer die Spreker by die huis alleen los? Verduidelik jou antwoord. (1)

**[15]**

**Totaal Afdeling A: 30**



## AFDELING B

### VRAAG 2 – Gedigte

### 2.1 Gedig – Vyftien deur Annoniem

**<u>Vyftien</u>** **(Anoniem)**

Toe ek vyf was, het ek altyd gedink
nog tien jaar en ek is
vyftien
Die perfekte tyd
om met seuns uit te gaan
Die perfekte tyd
om my te grimeer
Die perfekte tyd
wanneer jy laat kan uitbly
Die perfekte tyd
wanneer jy kan soen – behoorlik!
en kan vloek!
Die groot avontuur!



Maar nou dat ek vyftien is
wens ek dat ek weer vyf is

Daardie onskuldige tyd
toe seuns nie jou hart gebreek het nie
Daardie onskuldige tyd
sonder puisies en aknee
Daardie onskuldige tyd
toe jy nie uitgetrap is omdat jy laat is nie
Daardie onskuldige tyd
toe jy nog nie oorlaai was met werk nie
Daardie onskuldige tyd
toe niemand jou geterg het oor jou manier van soen nie
Ek wonder ... hoe voel dit om een en twintig te wees ...?

2.1.1. Wie is die spreker in die gedig? (1)

2.1.2. Hoe oud was die spreker toe sy gedroom het oor wat sy gaan doen as sy vyftien is? (1)

2.1.3. Waarom word die reël "perfekte tyd" herhaal? (1)

2.1.4. Haal 'n voorbeeld van 'n metafoor aan in strofe 1. (1)

2.1.5. Uit hoeveel strofes bestaan hierdie gedig? (1)

2.1.6. Wat is die rymskema van hierdie gedig? Bewys jou antwoord deur die Rympatroon neer te skryf. (2)

2.1.7. Noem een ding wat die Spreker eendag "behoorlik" wil doen wanneer sy vyftien is. (1)

2.1.8. Waarom, dink jy, is strofe 2 net twee reëls lank? (1)

2.1.9. Pas die verduideliking in Kolom B by die stellings in Kolom A. Skryf net die nommer en letter neer. (4)

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| a) Sy wou met seuns uitgaan | A) Sy was oorlaai met werk |
| b) Sy wou grimering dra | B) Sy is geterg |
| c) Sy wou laat uitbly | C) Haar hart is gebreek |
| d) Sy wou behoorlik soen | D) Haar ouers het met haar geraas |
| | E) Sy het puisies en aknee gekry |

2.1.10. Dink jy sy het haar les geleer? JA / NEE. Haal een versreël aan om dit te bewys. (1)

2.1.11. Wat is die tema van hierdie gedig? (1)

**[15]**


## 2.2. Gedig – Skoolsiek deur Linda Fourie

**SKOOLSIEK** **deur Linda Fourie**

Vandag gaan ek nie skool toe nie
vandag bly ek net lê.
Ek gee nie om wát julle dink
of wat die bure sê.

Die wekker kan maar lui en lui
die voëltjies kan maar fluit,
julle kan maar roep en roep,
maar vandag gaan ek nie uit.

My brekfis kan maar koud raak,
gee die eier terug vir die hen.
Vandag doen ek geen skooltaak –
dis vakansie vir my pen.



Kom skud maar my bed,
kom kielie my voete,
roep die polisie
of gee my 'n boete.

Twee emmers water gegooi op my kop,
die brullende leeus kry my nie nou op,
ook nie roomys of drie stukke koek,
ook nie sirenes of drieduisend kore,
want my tong slaap nog vas soos my ore.

My bed is so warm, my kussing so sag,
vandag is die dag waarvoor ek lankal wag.
Sal iemand nou luister na wal ek wil sê:
EK GAAN NIE SKOOL TOE NIE!!!!

2.2.1. Wat is die rymskema van hierdie gedig? (1)

2.2.2. Waarom word sekere woorde in Strofe 2 herhaal? (1)

2.2.3. Haal 'n voorbeeld van assonansie in Strofe 3 aan. (1)

2.2.4. Haal 'n voorbeeld van personifikasie in Strofe 5 aan. (1)

2.2.5. Wie is die "brullende leeus" in reël 18 waarna die spreker verwys? (1)

2.2.6. Noem 2 dinge wat die ouers gedoen het om die spreker om te praat om op te staan (2)

2.2.7. Dink jy, die spreker is werklik siek? Motiveer jou antwoord. (1)

2.2.8. Noem TWEE maniere hoe die spreker beklemtoon dat sy/hy nie skool toe wil gaan nie in die laaste reël. (2)

2.2.9 Pas die woorde in Kolom B by die beskrywings in Kolom A. Skryf net die nommer en die letter neer. (4)

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| a) Hoeveelheid strofes | A) Kwatryn |
| b) 4 versreëls per strofe | B) Metafoor |
| c) Die digteres | C) Vergelyking |
| d) "Brullende leeus" | D) Ses |
| | E) Linda Fourie |

2.2.10. Wat is die tema van die gedig? (1)

**[15]**

**Totaal Afdeling B: 30**

AFDELING C

**VRAAG 1 – Lang transaksionele teks: Dialoog**

- Onthou om die KORREKTE FORMAAT vir 'n dialoog te gebruik.
- Jy moet beplanning doen, 'n eerste poging en 'n finale poging skryf.
- Skryf die vraagnommer neer van die onderwerp wat jy gekies het.
- Skryf die aantal woorde aan die einde van die dialoog neer.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Skryf 'n **DIALOOG** van 120 - 150 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.



**1.1 Dialoog 1:** **[30]**

Jy gesels met een van jou maats oor 'n idee/idees wat jy het om jou skool te verbeter. Jy moet jou idees vir jou maat vertel en jou maat moet vrae vra daaroor en hulle opinie daaroor lewer.

**OF**

**2.2 Dialoog 2:** **[30]**

Jy en jou maat gesels oor 'n superkrag wat julle graag sal wil hê. Julle moet elk sê watter superkrag julle sal wil hê en hoekom/wat julle daarmee sal doen.



**Totaal afdeling C: 30**

**GROOT TOTAAL: 90**

**KLEUR MY IN!**

